# PSALM 3

```
    C       F               G
1.  Hoe groei my teenparty!
          Am              D
    Hoe dring hul naderby!
    D                   G
    Ek hoor hul lastering:
           C        F       G
    “Hy’t geen heil by Yahweh.”
           C       D        G
    Hul hoon my met hul spot,
         C      F  G   C
    hou my in vaste kring.
    C      F           G
    Maar U sal hulle stuit;
       Am               D
    U voer die oorlog uit,
    D                        G
    Yahweh, my skild, my eer!
       C         F     G
    U hef, trots hul gerug,
         C         D      G
    my hoof weer in die lug,
          C       F  G   C
    want U verhoor my weer!

    C       F               G
2.  Yahweh se trou bewus,
          Am               D
    was slaap my veil’ge rus
    D                     G
    tot ek versterk ontwaak.
        C      F        G
    Ek sal hul nou nie vrees,
           C       D        G
    hoe sterk hul ook mag wees
         C         F  G  C
    wat rondom my genaak.
    C       F               G
    Staan op, verlos, Yahweh!
          Am                D
    Verbreek hul, soos U sê,
    D                    G
    tem U die oorlogsvolk!
        C      F      G
    Aan U die heil alleen!
          C    D      G
    Stort op U erf ’n seën
           C       F  G   C
    soos druppel uit die wolk.
```